

**20 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:35-51**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:42,48**

### **Die Lam van God is alwetend, Hy ken jou**

Ons Middelaar kom uit die ewigheid. Op die eerste en tweede dae van sy openbare optrede het Hy Hom aan Johannes die Doper geopenbaar. Op die derde en vierde dae openbaar Hy Hom aan sy dissipels. Twee van sy volgelinge, Andreas en waarskynlik Johannes volg Jesus op grond van die getuienis van die Doper. Hulle vertel vir hulle broers: "Ons het die Messias gekry". En kyk nou net hoe wonderlik oortuig Jesus hulle dat Hy waarlik die langverwagte Christus is. Petrus word nie aan Jesus voorgestel nie. Jesus kyk stip na hom en spreek hom as 'n bekende aan: "Jy is Simon..." Ook Natanael wat gegaan het om Jesus te leer ken, ontdek dat hy geken word. Daar waar hy alleen onder die blaredak van 'n vyeboom gesit en peins en moontlik ook gebid het, daar het die Here hom al gesien. In groot verwondering roep Natanael uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel". Die dissipels is op buitengewone wyse geroep, want hulle moes oog- en oorgetuies van die Here Jesus wees. Christus ken egter ook elkeen van sy kinders, want hulle name staan in die boek van die lewe. Hy het geweet vir wie Hy aan die kruis sterwe. Vervul dit jou ook met verwondering en dankbaarheid dat Hy, wat jou verlos het, jou al so lankal ken?

*Sing: Psalm 139:6,8*

*Ds J Venter (Emeritus)*